

Vrydag 29 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 9:11-22

Fokusgedeelte: Hebreërs 9:14

Hoe aktief is jou gewete?

Ons het in die afgelope twee dagstukkies die klem op sondebeseft laat val: hoe ons daarna kyk en hoe God daarna kyk.

Bloed word deurgaans met lewe verbind. As jy in die Ou-Testamentiese tyd sonde gedoen het, moes jy die dier na die priester bring. Hy het dit geslag en die bloed geneem en op die altaar gesprinkel. Soos stortwater vuilheid afwas, so het die sprinkeling van die bloed die afwassing van die sonde gepreek.

Op die groot versoendag (Lev. 16) moes die hoëpriester ook die bloed op die volk sprinkel. Dit het versoening gepreek. Volgende jaar moes dit maar weer gedoen word. En weer. En weer.

As Jesus die *via dolorosa* loop, is Hy 'n Lam wat weet waarom Hy geoffer word. Met elke hamerslag spat die bloed – word jy besprinkel en word vir jou gepreek: Hy bring die volkome offer. Omdat Jesus nie sonde gehad het nie, self God was en is, kon Hy sterf EN die dood oorwin (HK Sondag 5 en 6). God was só tevrede met die offer dat dit nooit weer nodig sou wees om Jesus te offer nie. Hierdie offer is volmaak.

Weereens moet jy beseft: dit was vir jou. Jy moet dit *weet*. Sien jy die verband tussen *weet* en *gewete*? Daarom mag die offer van Jesus nie maar iets wees wat jy onthou nie. Dit moet iets wees wat jy *weet* en beseft: elke keer as ek sonde doen, *weet* ek dat Jesus se bloed op my gesprinkel is. Elke sonde moet jou pla. Sy offer is jou skuld, en myne. Sy liggaam is gebreek en sy bloed vergiet as volkome versoening van al jou sonde.

Sing: Psalm 51:4 (1936)

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)